Bosveld Akademie Privaatskool

Posbus 1193
Thabazimbi
0380
Tel:(014)772 2111
Faks: 086 524 2235
e-pos: admin@baprivaatskool.co.za

GRONDWET

INHOUD:

Aanhef

Afdeling een: GRONDSLAG

Afdeling twee: WOORDOMSKRYWING

Afdeling drie: DIE SKOOL

1. Naam van skool
2. Posadres
3. Skool model
4. Regsbevoegdheid
5. Beheer oor nie-roerende eiendom
6. Bestuur en beheer van die skool
7. Toelatingsvereistes

Afdeling vier: OPVOEDINGSRAAD

1. Samestelling van die Opvoedingsraad
2. Diskwalifikasie van die lede
3. Ampstermyn van lede
4. Bevoegdhede, werksaamhede en pligte van die Opvoedingsraad
5. Opvoedingsraadsvoorsitter
6. Aanspreeklikheid van die lede van die Opvoedingsraad
7. Verkiesing van ampsdraers
8. Kworum
9. Toevallige vakatures in die Opvoedingsraad
10. Vergadering van die Opvoedingsraad

Afdeling vyf: FINANSIëLE AANGELEENTHEDE

Afdeling ses: SPORT EN KULTUUR

1. Sport
2. Kultuur

Afdeling sewe: GEREGTELIKE ONDERSOEKE

Afdeling agt: IN WERKINGSTELLING EN WYSIGING VAN DIE GRONDWET EN REGLEMENTE

1. In werkingstelling
2. Wysiging van die Grondwet

Afdeling nege: ONTBINDING

Afdeling tien: REGLEMENTE

GRONDWET

Nademaal die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika voorsiening maak vir onafhanklike skole en ouers die behoefte gehad het om ingevolge hul doopbelofte 'n Calvinisties-gereformeerde verbond skool binne volksverband daar te stel waar Afrikaans die voertaal is, is besluit om voort te gaan met die daarstel van 'n skool op die basis. Ten einde onderrig ordelik en suiwer op 'n hoë standaard te handhaaf, het die ouers die volgende grondwet opgestel vir die doeltreffende en doelmatige funksionering van die skool.

DERHALWE verklaar die skool, sy funksionarisse, werknemers, ouers en leerlinge hulself gebonde aan die bepalings van hierdie grondwet.

AANHEF:

1. Ons verklaar dat ons bewus en oortuig is van ons verantwoordelikheid teenoor God Drie-Enig en dat ons as ouers 'n bepaalde verantwoordelikheid ingevolge ons doopbelofte moet nakom waar ons onderneem het om ons kinders te onderrig en te laat onderrig, streef ons na die verwesenliking van die volgende doelstellings:

   1.1 Die handhawing, beskerming en bevordering van:

   1.1.1 Die Calvinisties-gereformeerde onderwys en om toe te sien dat die Woord van God as rigsnoer dien om die Christelike waardes by ons kinders in te skerp.
   1.1.2 Afrikaans as amptelike voertaal en onderrigmedium
   1.1.3 Hoë onderrig- en akademiese standaarde
   1.1.4 Onderwysstelsel vir die kinders van die Christen-Afrikanervolk.

   1.2 Die uitbouing en beskerming van:

   1.2.1 Die karakter en etos van die skool
   1.2.2 Die skoollied, die leuse van die skool, erekode en skoolwapen.
   1.2.3 Die opvoeding, onderrig en opleiding van leerlinge tot verantwoordelike burgerskap binne die volkseie vrye Onafhanklike Verbondsouer skool model.

AFDELING EEN: GRONDSLAG

1. Die grondslag van die skool is die Bybel as Waaragtige Woord van God Drie-Enig. Daarmee saam word die drie Formuliere van Eenheid nl. Die Heidelbergse Kategismus, die Dordtse leerreëls en die Nederlandse Geloofsbelydenis beskou as ware en betroubare uitleg en vertolking van God se Woord en uitgeleef in die Calvinisties-gereformeerde onderwys, in die volkseie Vrye Onafhanklike Verbondsouer skool model.

2. Ten einde die skool se grondslag verder beslag te gee, word die Beweging vir Christelike Volkseie Onderwys grondslagdokument as integrale deel van die grondslag van hierdie skool gesien.

AFDELING TWEE:

Tensy dit uit die samehang anders blyk, geld hierdie Grondwet dat:

- Alle woorde en uitdrukkings wat die manlike geslag aandui, ook die vroulike geslag insluit, en omgekeerd;
- Alle woorde en uitdrukkings wat die enkelvoud aandui ook die meervoud insluit, en omgekeerd:
- "wet" – Wet op onderwysvoorsiening
- "ouer" – die ouer van leerling of voog in wie se bewaring die kind wettig geplaas is;
- "Ouervergadering" – samestelling van ouers/wettige voogde wie se kinders aan die toelatingsvereistes voldoen;
- "Opvoedingsraad" – verteenwoordigende liggaam van die skool by wie die bestuur, beheer en uitvoerende gesag van die skool berus en wat ooreenkomstig die bepalings van hierdie Grondwet saamgestel is;
- "Leerling" – 'n Kind wat aan die toelatingsvereistes voldoen en tot die skool toegelaat is en wat onderrig ingevolge die Wet aan die skool ontvang;
- "Lid" – 'n Lid van die Opvoedingsraad
- "onderwys" – onderrig, opvoeding of opleiding wat aan 'n leerling gelewer word;
- "onderwyser/es" – gekwalifiseerde opvoedkundige persoon aangestel deur die Opvoedingsraad vir die onderrig van leerlinge
- "skool" – Bosveld Akademie vir C V O, Artikel 21 Maatskappy handeldrywend as Bosveld Akademie Privaatskool
- "skoolhoof" – die persoon wat aangestel is as hoof van die skool;
- "skool model" – Calvinisties-gereformeerde volkseie vrye onafhanklike verbondsouer skool model;
- "Reglement" – Reglemente soos waarna verwys word in die Grondwet van 'n integrale deel uitmaak van hierdie Grondwet.

AFDELING DRIE: DIE SKOOL

1. NAAM VAN DIE SKOOL
   Bosveld Akademie vir CVO handeldrywend as Bosveld Akademie Privaatskool

2. POSADRES
   Posbus 1193
   Thabazimbi
   0380
   Tel. nr. (014)772 2111 Faks nr. (014)772 2111
   086 524 2235

3. SKOOLMODEL

   Calvinisties-gereformeerde volkseie vry onafhanklike verbondsouer skool.

4. REGSBEVOEGDHEID VAN DIE SKOOL

   4.1.1 Die skool, geregistreer is as 'n Artikel 21 Maatskappy met ouer aandeel van R1,00 waarvan die Opvoedingsraadslede dien as die direkteure van die maatskappy, is 'n regspersoon wat ampshalwe verteenwoordig word deur die voorsitter van die Opvoedingsraad of deur 'n Opvoedingsraadslid op 'n vergadering aangewys.

4.2 Die skool het as maatskappy die bevoegdheid om deur middel van die Opvoedingsraad en/of die Direksie vir die uitsluitlike bevordering van sy doelstellings:

4.2.1 In sy eie naam vaste eiendom te koop, te verkry by wyse van skenking of op enige ander manier wat vir die skool geskik is, en om sodanige eiendom te vervreem, te verhandel, te verhuur, te verbind of op enige ander manier daarmee te handel, om alle registrasie en transportaktes, verbandaktes, notariële aktes en enige ander registrasie wat vereis word, te laat bewerkstellig deur enige dokumente met betrekking tot aankoop, verhuring, vervreemding en alle aksies wat daarmee gepaard gaan, transportering van vaste eiendom passeer en kanselleer van verbande en alle verklarings en ander dokumente vir registrasie doeleindes benodig, te onderteken, en om verder die voorwaardes van enige verband wat gepasseer word, vas te stel asook enige dokumente wat nodig is in titels waarkragtens eiendomme gehou word, te onderteken.

4.2.2 Geld te bekom asook handelsvoorraad, toerusting, uitrusting en alle soorte roerende eiendomme te koop of te verkry op enige manier wat vir die skool geskik is, om sodanige roerende eiendom te vervreem, te verhandel, te verhuur, te verbind of om op enige ander manier daarmee te handel;

4.2.3 Enige geld van die skool te belê of daarmee to handel teen sodanige sekuriteit en op die manier soos van tyd tot tyd bepaal word, en om sulke sekuriteite en beleggings te sedeer, te kanselleer, te onthef, op te vra, te verander, te realiseer, te wysig, weer te belê of op 'n ander manier daarmee te handel soos van tyd tot tyd bepaal word;

4.2.4 Waar nodig ooreenkomste, hetsy notarieël of andersins, aan te gaan;

4.2.5 Voltydse of deeltydse personeel aan te stel of te ontslaan en hulle regte, pligte en diensvoorwaardes te bepaal;

4.2.6 Regsgedinge in te stel of te verdedig of om as applikant of respondent in enige regsproses op te tree, en

4.2.7 Om alle vermoënsregtelike handelinge ter verrig wat met die bogenoemde doeleindes saamhang of wat vir die verwesenliking daarvan bevorderlik is behoudendes die bepalings van hierdie Grondwet.

5. BEHEER OOR NIE-ROERENDE EIENDOM

5.1 Die bestuur, beheer en uitvoerende gesag van die skool en van die skooleiendom berus by die Opvoedingsraad daartoe gematig deur die Ouervergadering wat ingevolge die bepalings van hierdie Grondwet saamgestel is.

5.2 Die skool mag nie sonder toestemming van die ouers op 'n ouervergadering waarvoor daar te minste 30 dae kennis gegee is met spesifieke vermelding van die doel van die vergadering aan alle ouers sy, onroerende eiendom, verkoop of op 'n ander wyse vervreem of aan iemand 'n saaklike reg of serwituut daarop verleen nie.

6. BESTUUR EN BEHEER VAN DIE SKOOL

Die gesag en gesagslyn moet deur elke betrokkene by die skool eerbiedig word:

6.1 Afgeleide gesag is die volstrekte soewereiniteit van God Drie-Enige oor alle geskapenes hetsy die sienlike of onsienlik. Elkeen betrokke by die skool is beklee met gesag deur Christus.

6.2 Die ouergemeenskap is die hoogste gesag van die skool en het gesag oor die skool en oefen gesag uit in die skoolbestuur d.m.v.

6.2.1 Die gekose Opvoedingsraad wie stiptelik uitvoering gee aan die beheer en bestuur van die skool vir terug rapportering aan die ouers.

6.2.2 Die skoolhoof, aangestel deur die Opvoedingsraad, is aanspreeklik aan die Opvoedingsraad. Die gesag in die skool en besonderlik in die klaskamer en in die onderrigsituasie setel in die hoof en onderwysers en die hoof is met gesag beklee oor die onderwysers.

6.3 Die ouervergadering bestaan uit al die stemgeregtigde ouers en/of wettige voogde.

6.4 Stemgeregtigde ouers is die wat die grondslag van die skool onvoorwaardelik onderskryf, wie se finansiële verpligtinge teenoor die skool ten volle nagekom is, en wie 'n ingeskrewe leerling in die skool het.

6.5 Die ouer kies tydens 'n ouervergadering 'n Opvoedingsraad waarvan die samestelling geskied volgens die bepalings van hierdie Grondwet (AFDELING VIER)

6.6 Die ouervergadering, op aanbeveling van die Opvoedingsraad, stel vanuit die ouers taakspanne aan. Die ouervergadering en Opvoedingsraad is by magte om die onderskeie taakspanne te staak. 'n Opvoedingsraadslid sal altyd die voorsitter van 'n taakspan wees. Dit is sy verantwoordelikheid om toe te sien dat, die pligte soos vervat in die onderskeie reglemente vir elke taakspan, ten uitvoer gebring word. 'n Taakspan sal per verslag/memorandum/notule aan die Opvoedingsraad verslag doen.

6.7 Die skoolhoof of sy gevolmagtigde plaasvervanger behoorlik skriftelik daartoe aangewys, is die voltydse uitvoerende amptenaar van die skool en is verantwoordelik vir die dag tot dag bedryf van die skool, die onderwys van die leerling en beheer oor die personeel ingevolge die REGLEMENT: PERSONEEL.

6.8 'n Ouer van 'n leerling van die skool bemoei hom nie met die professionele werksaamhede van die skoolhoof of die personeel van die skool nie. Enige navraag oor die inhoudelike van die leerplanne moet deur die Opvoedingsraad gekanaliseer word. Gesonde skakeling met 'n leerling se onderwyser oor 'n kind se vordering word egter sterk aangemoedig, maar dit moet binne die vertikale gesagslyn geskied.

6.9 Geen ouer het die reg om sonder die skoolhoof se toestemming sy kind gedurende klastyd te besoek nie, of in klaskamers gedurende klastyd rond te beweeg nie. Voor of na Ouervergaderings word tyd ingeruim waartydens ouers met die onderrigpersoneel gesprek kan voer.

6.10 Die Opvoedingsraad en die skoolhoof sal te alle redelike tye toeganklik wees vir ouers van leerlinge van die skool om aangeleenthede rakende die skool en die aktiwiteite van die skool te bespreek.

6.11 Die skoolgemeenskap (ouers, onderwyser en leerlinge) funksioneer buite die politieke arena.

6.12 Enige poging deur 'n lid van die skoolgemeenskap tot aktivisme, of georganiseerde wegbly-aksies van watter aard ook al en aksies tot en wat kan lei tot die ondermyning van die Grondwet van hierdie skool, is 'n grondige rede vir weiering tot toelating en/of verdere toelating tot die skool.

6.13 Geen donateur het die reg om enige onbillike eise van watter aard of rede ook al aan die skool en die skoolgemeenskap te stel nie.

6.14 Alle ouers is verplig om aan alle funksies, fondsinsamelingsprojekte en ander projekte van die skool deel te neem en te bevorder.

7. TOELATINGSVEREISTES

Die skool is opgerig vir kinders van Verbondsouers van die Afrikanervolk wat die Drie Formuliere van Eenheid as belydenis skrifte aanvaar. Ten einde hieraan gestalte te gee sal die volgende van toepassing wees:

7.1 Die Calvinisties-gereformeerde en Afrikaner etos van die skool en soos in hierdie skool to uitdrukking kom en beoefen word, moet deur alle ouers en hul kinders aanvaar word.

7.2 Ouers moet tydens aansoek om toelating van elke voornemende leerling die aansoekvorm vir toelating volledig invul en die Vyftien-punt vraelys wat deel uitmaak van die aansoekvorm aanvaar deur dit te onderteken. (REGLEMENT: TOELATINGSVEREISTES)

7.3 Die ouers aanvaar dat die skool en al sy werksaamhede/verpligtinge die uitsluitlike verantwoordelikheid van alle ouers is en dat alle nuwe ouers gesamentlik met die bestaande ouers hulle daartoe verbind om die volle verantwoordelikheid gesamentlik te aanvaar.

7.4 'n Onderhoud word met elke voornemende ouer gevoer om ouers te ontmoet en die geleentheid te gee ten einde alle onduidelikhede uit te klaar.

ADELING VIER: DIE OPVOEDINGSRAAD

1. SAMESTELLING VAN DIE OPVOEDINGSRAAD

1.1 Die Opvoedingsraad van die skool bestaan uit:

1.1.1 Die skoolhoof,

1.1.2 Agt (8) lede wat deur die ouers/wettige voogde van die leerlinge van die skool verkies word uit die ouers van die skool;

1.1.3 Die Opvoedingsraad kan tot 'n maksimum van vyf (5) lede op meriete koöpteer wie slegs vir een jaar kan dien maar weer gekoöpteer kan word.

2. DISKWALIFIKASIE VAN LEDE

'n Persoon is onbevoeg om lid van die Opvoedingsraad te wees indien hy:

2.1 Nie meer 'n ouer van die skool is nie.
2.2 Gedrag openbaar en die woord doen wat in stryd is met die grondslag en uitgangspunte van die skool is.
2.3 Vir 2 (twee) agtereenvolgende Opvoedingsraadvergadering sonder verskoning nie teenwoordig is nie.

3. AMPSTERMYN VAN LEDE

3.1 Die ampstermyn van lede (ouers) van die Opvoedingsraad is twee jaar.
3.2 'n lid wie se ampstermyn verstryk het kan weer verkies word.
3.3 Die lede van die Opvoedingsraad beklee, ondanks die verstryking van hul ampstermyne bedoel in 3.1, hul ampte tot 'n nuwe Opvoedingsraad saamgestel is.

4. BEVOEGDHEDE, WERKSAAMHEDE EN PLIGTE VAN DIE OPVOEDINGSRAAD (HIERNA OR GENOEM)

4.1 Elke OR-lid moet die Grondslag van die CVO en Grondwet en Reglemente van Bosveld Akademie deeglik ken en voortdurend voor oë hou veral die CVO se Geloofsgrondslag, sy Volks grondslag en die CVO-skool model.
4.2 Elke OR-lid moet voortdurend bewus bly dat hy 'n groot verantwoordelikheid dra om namens al die ouers 'n CVO-skool te beheer, 'n skool wat deur ouers onderneem word, tot stand gebring is, geldelik gedra word en as onderwysinstelling bedryf word.
4.3 Die OR moet sy professioneel opgeleide arm, naamlik sy skoolhoof en onderwyspersoneel, met bedagsaamheid en respek behandel, altyd sensitief vir hul ware belange, maar teenoor hulle steeds met dissipline optree sodat die skool- en skoliere belange ook by hulle 'n eerste belang bly.
4.4 Die OR moet ten nouste met sy skoolhoof saamwerk en sy advies inwin veral oor onderrigsake en in ooreenstemming met die Grondwet van die skool.
4.5 Om, nieteenstaande enige ander bepalings, werksaamhede te verrig wat binne die bevoegdheid van die OR val en wat nodig is vir die welsyn van die skool en wat verder beskryf word in die REGLEMENT: OPVOEDINGSRAAD.

5. Die OPVOEDINGSRAADVOORSITTER moet toesien dat

5.1 Ouer- en OR vergaderings volgens die Grondwet en ordereëls verloop.
5.2 'n Wakende oog hou oor die eerbiediging van die gesagslyn van die skool.
5.3 'n Besondere skakeling met die hoof en deur die hoof met die onderwyspersoneel handhaaf, want 'n gesonde vertrouensverhouding tussen die skoolhoof en die voorsitter van die OR is van deurslaggewende belang vir die goeie gang van sake.
5.4 Die taakspanne vaartbelyn, doeltreffend en doelmatig werk.

5.5 Besluite en dissipline toegepas word in gevalle waar dit nodig is.
5.6 Hy die Grondwet en Reglemente van die skool ken en toesien dat dit ten alle tye toegepas, beskerm en onderhou word.

6. AANSPREEKLIKHEID VAN LEDE VAN DIE OPVOEDINGSRAAD

'n Lid van die OR is nie aanspreeklik vir enige skuld, skade of verlies van die skool nie, tensy hy sonder magtiging, opsetlik kwaadwillig of nalatig opgetree het en daarom daarvoor verantwoordelik gehou kan word.

7. VERKIESING VAN AMPSDRAERS

7.1 Tydens die ouervergadering waarvoor kennis gegee is vir die verkiesing van die OR, moet die ouers die voorsitter, ondervoorsitter en sekretaresse aanwys. Ouers moet lede verkies wat ooreenkomstig hul kennis van C.V.O. – werksaamhede en vaardighede, bekwaam is om hul taak te volvoer, en verkose lede moet hul bereid verklaar om volgens die REGLEMENT hul amp te aanvaar en uit te voer.
7.2 Die skoolhoof sit voor by die verkiesing van die voorsitter, en moet die PLIGSTAAT van die pos vooraf aan die vergadering voorlees.
7.3 By die verkiesing van die sekretaris moet die PLIGSTAAT: Sekretaris voorgehou word voordat benoemings geskied. So ook moet die PLIGSTAAT vir OR-lede aan die ouers voorgedra word.
7.4 Die verkiesing van die OR geskied in November van elke jaar.
7.5 Verkose ouers vir die OR moet hulself skriftelik bereid verklaar vir diens in die OR.

8. KWORUM

Ten einde 'n kworum vir ouer vergaderings te hê, moet 'n meerderheid van die ingeskrewe ouers teenwoordig wees, m.a.w. die helfte plus een.

9. TOEVALLIGE VAKATURES IN DIE OPVOEDINGSRAAD

9.1 'n Toevallige vakature in die OR ontstaan wanneer 'n lid:

9.1.1 Skriftelik bedank teen een maand kennisgewing
9.1.2 Te sterwe kom
9.1.3 Sonder verskoning vir twee Opvoedingsraadvergadering agtereenvolgend afwesig is.
9.1.4 Onbevoeg bevind word soos in die Grondwet van die skool omskryf word.

9.2 'n Toevallige vakature word deur 'n Ouervergadering gevul.

10. VERGADERING VAN DIE OPVOEDINGSRAAD

Vergaderings van die OR geskied in ooreenstemming met die REGLEMENT: VERGADERINGS VAN DIE OPVOEDINGSRAAD

11. DAGBESTUUR

11.1 Die OR kan 'n dagbestuur benoem om die dag tot dag bestuursake te verrig wat skriftelik aan die volle OR verslag oor gedoen word.
11.2 Die Dagbestuur besluit nie oor beleidsake nie.

AFDELING VYF: FINANSIëLE AANGELEENTHEDE

1. Die Finansiële komitee is aanspreeklik vir die ontvangs van en verslagdoening oor gelde deur die skool ontvang.
2. Sake handelende oor die bankrekening, boekjaar, finansiële state, ens. Word ooreenkomstig REGLEMENT: FINANSIëLE AANGELEENTHEDE hanteer.
3. Alle aspekte wat finansiële implikasies het, moet eers na die Finansiële komitee verwys word vir aanbeveling alvorens 'n besluit geneem word.

AFDELING SES: SPORT EN KULTUUR

1. SPORT

1.1 Sport word primêr ter wille van die opvoedkundige waarde beoefen. Deelname word beklemtoon en 'n oordrewe klem op kompetisie word vermy.
1.2 Die skool skakel in by sportgeleenthede en kompetisies wat onderling tussen CVO-skole onder die beskerming van dier BCVO- SPORTRAAD gereël word.
1.3 Sport word nie in kompetisie- of in informele vorm buite die CVO-skole kring beoefen onder die skool se naam nie.

2. KULTUUR

Afrikaner-feesdae word deur die skool erken en herdenk. Geleenthede vir individuele en groep deelname word geskep waar kinders hul binne en buite skoolverband kan uitleef.

3. Sport en kultuuraangeleenthede en reëlings word verder omskryf in die REGLEMENT: SPORT EN KULTUUR.

AFDELING SEWE: GEREGTELIKE ONDERSOEKE

Geen polisie ondervraging of ondervraging deur enige persoon/instelling van watter aard ook al aan leerlinge van hierdie skool om watter rede ook al sal toegelaat word sonder die teenwoordigheid van betrokke ouers en indien nodig, die Opvoedingsraad nie.

AFDELING AGT: IN WERKINGSTELLING EN WYSIGING VAN DIE GRONDWET EN REGLEMENTE

1. IN WERKINGSTELLING VAN GRONDWET EN REGLEMENTE

1.1 Hierdie Grondwet en Reglemente sal in werking tree na aanvaarding daarvan deur die meerderheid van ouers op 'n vergadering belê vir die doel daarvan.
1.2 Elke ouer sal geregtig wees om 'n kopie van die Grondwet en Reglemente te bekom teen 'n prys soos deur die OR bepaal.

2. WYSIGING VAN DIE GRONDWET EN REGLEMENTE

Hierdie Grondwet en Reglemente kan net gewysig word tydens 'n gewone of Spesiale Algemene Vergadering van stemgeregtigde ouers van die skool wat vir hierdie doel byeengeroep is mits:

2.1 alle ouers minstens 21 dae voor die vergadering skriftelik verwittig is van die datum, tyd en plek van die vergadering.
2.2 Afskrifte van die voorstelle (mosies) minstens 14 dae voor die vergadering aan alle ouers van die skool besorg word en
2.3 Minstens twee derdes van die aanwesige ouers ten gunste van die voorstel stem.

AFDELING NEGE: ONTBINDING

Bosveld Akademie Privaatskool kan deur die Opvoedingsraad ontbind word indien:

1. Skriftelike kennis vir 'n spesiale Algemene Vergadering tesame met 'n kennisgewing van die beoogde ontbinding minstens 21 dae voor die betrokke vergadering aan al die stemgeregtigde ouers van die skool getuur word, en
2. Minstens 75 % van die stemgeregtigde ouers teenwoordig is op die Spesiale Algemene Vergadering belê vir die doel en twee derdes van die aanwesige ouers die ontbinding aanvaar.
3. Indien die ouers besluit tot ontbinding, sal die Opvoedingsraad die bates van die skool oordra aan die B.C.V.O – direksie om dan na hul goeddunke daarmee te handel, uitgesonder die gronde wat na die skenker sal terug val.
4. B.C.V.O het egter nie die magtiging om die skool te ontbind nie
5. Die skool sal ontbind indien ouers sou besluit om enige bepalings wat neergelê is onder opskrif: AFEDLING EEN: GRONDSLAG: PUNT 1 EN 2 te verwerp.

AFDELING TIEN: REGLEMENT

Die reglemente is 'n integrale deel van hierdie Grondwet en kan slegs deur die Opvoedingsraad bygevoeg, verander of geskrap word nadat daar behoorlik kennis gegee is aan die Ouervergadering met volledige besonderhede van die beoogde wysiging en gehandel word soos in AFDELING AGT bepaal en op die Grondwet van toepassing is.